# Eerste kouefronte na 80:

**Stygende waters 1 Julie 2018**

*’n Voetbalspannetjie in Thailand het in grotte ingegaan en verdwaal, maar kon nie meer uitkom nie omdat die water te hoog gestyg het. Hulle is baie dae later deur duikers op 18 Julie 2018 gered.*

Dertien Thaise jongmense vasgekeer in grotte
skuil veilig teen die stygende water op ’n rots
en hoop op komende redding, maar die waters
van tyd wat loop, styg ongenaakbaar na my lippe.

**Tyd vlieg**

*Volgens die kosmologie rek tyd in die kosmos en versnel al vinniger tot by die spoed van lig, waar dit stop en tydloos raak.*
Gideon Joubert

Ons lewensduur is slegs ’n gedagte.
Vir oues spoed tyd die vinnigste
afdraand, om te stop by ligsnelheid;
dan is daar, meen die fisikus, tydloosheid.

**Pyn**

Werk, geld, vriende, vrou, verdwyn
wanneer jy swig onder pyn.
Die ouderdom wat knaag, tot
jy soos aftreegeld wegkwyn.

**Ou man**

*Ik riep: is er iets triesters dan de dood*
*Het klonk: de ouderdom, de ouderdom*
J.H. Leopold

Meer en meer vervorm ek tot kreupelhout.
Werwel, been, kraak en buig knakkende krom;
knoppieswortel-siek word ek knopperig oud.
Vrybuiters loop ’n bloutjie – grysheid is nie dom.
(Nou ’n paar gedigte oor die goeie ervaring van die ouderdom.)


doi.10.17159/2224-7912/2019/v59n4a20

**Rooidag van hoop**

Elke keer as die rooidag van hoop breek oor my lewe
sal ek doen wat ek kan al sou my hande bewe.
Die oes van my lewenswerk pak ek in ’n mied met gerwe;
elke dag sal ek weer dankbaar lewe en hoopvol sterwe.

**Lewensvreugde**

Dou-voor-dag sing die voëltjies hul lewensvreugde
soos die klanke van kerkgangers se lofliedere;
terwyl ek nog kan sien en dink en voel en hoor
sing my hart *my* lewensvreugde saam met hulle koor.

**Hennie Pieterse**


doi.10.17159/2224-7912/2019/v59n4a20